MIKRO

WERK EN SKEP

Saaiboerdery en veeboerdery

Graad 4: Geografie

Saaiboerdery

Verskillende **gewasse** word in verskillende dele van Suid-Afrika gekweek. Sommige gewasse groei die beste waar dit warm is en baie reën. Ander gewasse groei goed waar daar minder reën is of waar die winters koud is.



Saaiboerdery



Vrugteboerdery

Stapelvoedsel

Die kosse wat ‘n mens elke dag eet, word **stapelvoedsel** genoem. Talle soorte stapelvoedsel word in groot hoeveelhede op massiewe kommersiële plase gekweek en oral oor die wêreld verkoop.

mielies

aartappels

suikerriet

koring

rys



vleis

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Vrugteplaas in Elgin (Appelboerdery)

LAERSKOOL MIKRO



Plaaswerkers plant die jong boompies.

Werkers spuit die bome met chemikalieë om siektes en insekte weg te hou.

Die boere snoei die bome om hulle beter te laat groei.

Die bome is na vier jaar reg. Plukkers pluk die appels een keer per jaar.

Die boer stoor die appels wat reg is vir uitvoer.

©

Vrugteboerdery is moeilik

LAERSKOOL MIKRO

Boere moet aan oplossings dink wanneer **probleme** opduik.

Sommige vrugte groei hoog in bome.

Plukkers gebruik lang lere.

Vrugte word maklik gekneus, veral dié met dun skille.

Vrugte word met die hand gepluk en elkeen word versigtig en apart toegedraai.

Vrugte raak vinnig vrot, maar moet in winkels ver van die plaas af verkoop word.

Vrugte word in koelkamers gestoor om dit langer vars te hou.

Vrugte is slegs vir ‘n kort tydjie van die jaar ryp en moet baie vinnig gepluk of geoes word.

Boere neem ekstra mense in diens om vrugte in die oesseisoen te help pluk.

Veeboerdery

Veeboere hou diere op hulle plase aan.

- Grootvee – beeste en perde
- Kleinvee – skape en varke
- Pluimvee – voëls soos hoenders en volstruise

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Veeboerdery

Kommersiële diereplase word **veeplase** genoem.



Veeboerdery

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Produkte van plaasdiere

Verskillende soorte plaasdiere gee verskillende soos produkte:



Laerskool Mikro Kopiereg ©

Koeie gee vir ons…

Van die **melk** kan ons verskeie produkte maak soos kaas, botter en roomys. Ons kan ook die **vleis** eet.



botter

joghurt

melk

leerprodukte

kaas

roomys

vleis



Laerskool Mikro Kopiereg ©

Skape gee vir ons…

Van die **wol** kan ons verskeie produkte maak soos truie, handskoene en musse.

vleis

wol

sokkies

trui

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Hoenders gee vir ons…

Van die hoender kry ons produkte soos **vleis** en **eiers**.

hoendervleis

eiers

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Varke gee vir ons…

Van die **leer** kan ons produkte soos handsakke, tasse en skoene maak.



worsies

vleis



spek



leer

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Varke gee vir ons…

LAERSKOOL MIKRO

Het jy geweet daar is meer aan varke as net spek?



gelatien

water filters



insulien

seep

skeerroom



vetkryte





kleppe vir hartchirurgie

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Vee het plek nodig om te wei

‘n Skaapplaas word gewoonlik in **kampe** of groot omheinde gebiede verdeel. Die skape word toegelaat om in sekere kampe te wei terwyl die gras in ander kampe ‘n kans kry om weer langer te raak en te herstel.

Laerskool Mikro Koplereg ©

Vee het baie kos en water nodig

Wanneer daar ‘n droogte is, is daar nie gras vir die skape om te eet nie. Hulle het spesiale **voeding** nodig. Die skape drink water uit damme en krippe wat deur waterdraers of windpompe volgemaak word.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

Beskerming teen bosluise

Skape het medisyne nodig wanneer hulle siek word. Die boer **dip** die skape in tenks vol chemikalieë om van bosluise en ander peste ontslae te raak.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Skape word geskeer

Skape word vir hul **wol** aangehou. Die boer skeer die wolvlies af in ‘n spesiale skeerskuur. Skape word ook vir hul **vleis** aangehou. Hulle wag in kampies voor hulle na die slagpale geneem word.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Suiwelboerdery

Gevallestudie: 'n Dag op 'n suiwelplaas

Sylvia Williams werk op 'n suiwelplaas. Lees wat sy elke dag doen.

Dit is vyfuur in die oggend. Ons jaag die koeie uit die veld aan na groot stalle waar ons hulle kan melk.



Dit is nou agtuur en ons het meer as 100 koeie gemelk! Ons gebruik masjiene soos dié om ons te help.

Die koeie eet kos terwyl ons hulle melk. Dit laat hulle stilstaan en help hulle om meer melk te gee.

Nadat ons die koeie gemelk het, was ons die masjiene.

Om vieruur smiddae melk ons die koeie weer. Dan maak ons die masjiene weer skoon en neem die koeie terug na die veld vir die nag.



Die melk word in koeltenks gehou tot 'n vragmotor van die melkery dit kom haal.

kool Mikro Kopiereg ©